

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 11: Vayigash – En Hy Het Nader Gekom

Toe kom Y'hudah nader na hom toe en sê: "O, my meester, laat u dienskneg asseblief 'n woord praat in die ore van my meester en laat u toorn nie teen u dienskneg ontvlam nie, want u is self soos Farao. Gen, 44:18 – PWL¹

Torah : Gen. 44:18 tot 47:27

Haftorah: Eseg. 37:15 tot 28

Nuwe Verbond: Matt. 10:6; 15:24; Joh. 5:1 tot 47; Rom. 9:1 tot 29; Rom. 11:13 tot 24; Efes. 2:11 tot 22.

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah: Lering 6 – Die Ewige Verbond.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 11 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

One thing you can't recycle is wasted time – Anonymous.

Time is what we want most, but... what we use worst – William Penn

Our greatest weakness lies in giving up. The most certain way to succeed is always to try just one more time – Thomas A. Edison.

The two most powerful warriors are patience and time – Leo Tolstoy.

For unless your hearts are free from worldly hopes and worldly fears, you never will speak boldly, as you ought to speak – Whitefield.

Never try to maintain relations in your life. Only try to maintain life in your relations – Anonymous.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

Verlede week se Torahskriflesing was bevestiging dat יהוה altyd in beheer is, al lyk dit uit menslike oogpunt nie altyd so nie. Josef se lewe is vir ons ‘n bewys hiervan, asook van יהוה se onverdiende guns en dat Sy Raadsplan plan nie van stryk gebring sal word deur ons eie tekortkominge of selfs ons omstandighede nie. Die geskiedenis van Josef is ook bevestiging dat יהוה se Raadsplan volmaak is en dat ons as mense nie altyd die groter prentjie van dit sien of verstaan nie.

Die geskiedenis van Josef is ook ‘n sinnebeeld van die eenwording van die huis van Efraim (Josef, Israel) en die huis van Juda soos deur Esegïel geprofeteer was. Dit is dan ook die kernboodskap van hierdie week se Haftorah Skriflesing (Eseg. 37:15 tot 28).

In hierdie week se Torahskriflesing leer ons van vergifnis en versoening, naamlik Josef wat die onverdiende guns van vergifnis vrylik en onvoorwaardelik aan sy broers skenk.

Vergifnis En Versoening

Elke jaar herinner parashah *Vayigash* ons aan יהוה se plan om die hele Yisra’el te herstel tot ‘n koninklike priesterdom wat Hom in Gees en waarheid sal dien – een huis met een Vader en eensgesinde kinders wat ons herinner aan Dawid se woorde in Psalm 133.

- 1 Let op, hoe goed en hoe aangenaam is dit vir broers om saam te wees in eenheid!
- 2 Dit is soos die kosbare olie op die kop en op die baard, die baard van Aharon, wat afloop op die kraag van sy kleed,
- 3 soos die dou van Hermon wat val op die berg van Tziyon, want daar het יהוה die seën beveel, die lewe vir ewig!

Hierdie plan van herstel het reeds na die sondeval in die Tuin van Eden in werking gekom (Gen. 3:15) en sal volgens יהוה se tydlyn voltooi word. יהוה se plan kan in een woord opgesom word, naamlik: Versoening – versoening van die mens met יהוה deur die onverdiende guns van vergifnis in Yeshua. Die besonderhede van hierdie plan is opgeteken in die Skrifte vanaf Gen. 1:1 tot Open. 22:21.

Josef, wat ook ‘n sinnebeeld van Yeshua is, was ‘n belangrike ‘rolspeler’ in die uitvoering van יהוה se plan van herstel, soos wat deur Josef se woorde bevestig word toe hy aan sy broers gesê het:

God het my voor julle uitgestuur om julle as ‘n oorblyfsel op die aarde te bewaar en om julle in die lewe te hou tot ‘n groot verlossing. Gen. 45:7.

Yeshua Die Gesalfde Een is die Groot Verlossing tot vergifnis en versoening met יהוה! Die verhouding tussen יהוה-God en die mens sal weer wees soos wat dit aan die begin voor die sondeval was, naamlik die mens geskape na die beeld en die gelykenis van יהוה en gelykvormige aan die beeld van Sy eersgebore Seun Yeshua – ons Koning en Ewige Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek!

Die ‘nuwe’ Juda.

In hierdie week se Torahskriflesing sien ons duidelik hoe Juda ontwikkel het tot die leier van sy broers en as die een wat medelye met sy vader Jakob het. Nou leer ons Juda ken as die een

wat sy jaloesie teenoor Josef en die eie-ek (selfisme) afgelê het. Hy is nou die een wat bereid is om sy lewe prys te gee terwille van die oorlewing van sy vader en sy broers. Hy is ook bereid om te dien en het nie verwag om gedien te word nie. Juda het opgetree as die middelaar tussen Josef en sy vader en broers – die een wat versoening wou bewerkstellig!

Aan sy vader Jakob het Juda die volgende belowe:

8 Y'hudah sê aan sy vader Yisra'el: “Stuur die jongman saam met my; dan sal ons opstaan en gaan sodat ons kan leef en nie sterf nie; nie ons nie en ook nie u en ons kinders nie.

9 Ek sal self vir hom borg wees; van my hand sal u hom eis. As ek hom nie na u bring en voor u stel nie, sal ek vir ewig die skuld dra,

10 want as ons nie uitgestel het nie, sou ons sekerlik nou al twee maal terug kon gewees het.” Gen. 43:8 -10.

En aan Josef het Juda belowe:

33 Laat u dienskneg daarom nou asseblief in die plek van die jongman my meester se slaaf bly en laat die seun saam met sy broers opgaan,

34 want hoe kan ek na my vader opgaan as die jongman nie by my is nie sodat ek net nie die bose sien wat oor my vader sal kom nie? Gen. 44:33 en 34.

Yeshua was van die stam van Juda. Daarom is bogenoemde optrede en gesindheid van Juda 'n sinnebeeld van een van die belangrike hoedanighede van Die Gesalfde Een van Yisra'el, naamlik die bereidwilligheid van Yeshua om sy lewe af te lê vir sy Vader en sy broers! Yeshua het ook gekom om te dien en nie om gedien te word nie.

want selfs die Seun van die mens het ook nie gekom om bedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.” Mark. 10:45.

Josef van onverdiende guns

Maar dan leer ons ook van die gesindheid van Josef, naamlik om die onverdiende guns van vergifnis vrylik en onvoorwaardelik aan sy broers te skenk.

Aan sy broers het Josef gesê:

5 Moet egter nie nou spyt wees daaroor nie en laat daar geen kwaad in julle oë wees dat julle my hierheen verkoop het nie, want om lewens te red, het God my voor julle uitgestuur,

6 want daar was reeds hierdie twee jaar hongersnood in die land en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal word nie.

7 God het my voor julle uitgestuur om julle as 'n oorblyfsel op die aarde te bewaar en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing.

8 Dit was nou nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God en Hy het my 'n vader vir Farao gemaak, meester oor sy hele huis en 'n heerser in die hele Mitzrayim. Gen. 45:5 tot 8.

Josef is dus ook 'n sinnebeeld van een van die ander belangrike hoedanighede van Yeshua Die Gesalfde Een, naamlik die onverdiende guns van vergifnis van diegene wat jou kwaad aangedoen het!

By Josef was daar nooit sprake van wraak neem nie. Nee, Josef het verstaan wat dit beteken dat alles ten goede meewerk vir die wat יהיה liefhet en getrou bly aan Sy Torah.

Ons weet dat, vir hulle wat God lief het, Hy hulle in alles help tot die goeie, vir hulle wat Hy afgesonder het om geroep te word. Rom. 8:28.

Josef het verstaan dat onvergifnis is soos om gif te drink en te glo dat die persoon wat jou kwaad aangedoen het sal sterf! Hy het verstaan dat hyself slegs vergifnis kan ontvang, wanneer hy bereid is om sy broers te vergewe!

Daarom kon Josef sy broers onverdiende guns bewys het deur hulle te vergewe, want hy het geweet dat hy in die wil van God was. Hierdie gesindheid was ook die van Yeshua, want Hy was ook verneder, geminag en valslik beskuldig, maar het dit verduur omrede Hy in Sy Vader se wil was.

Josef het vir sy vader en vir sy broers in Egipte gesorg. In die opsig is Josef ook 'n sinnebeeld van Yeshua as die goeie herder wat vir die skape sorg (Joh. 10:11 tot 18):

- 11 אֲנִי אֵלֶּה - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die goeie Herder. Die goeie Herder lê Sy lewe neer vir Sy skape,
 12 maar die huurling wat nie 'n herder is nie, wanneer hy ook al die wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg.
 13 Die huurling hardloop weg omdat hy 'n huurling is en nie vir die skape omgee nie en die wolf kom bytend na die skape en jaag hulle uitmekaar.
 14 אֲנִי אֵלֶּה - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die goeie Herder, Ek ken My eie en My eie ken My,
 15 net soos My Vader My ken en Ek My Vader ken en Ek My lewe aflê ter wille van die skape.
 16 Ek het nog ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook bring. Hulle sal ook na My stem luister en die ganse kudde sal een wees met een Herder;
 17 daarom is die Vader tevrede met My omdat Ek My lewe aflê om dit weer op te neem.
 18 Niemand vat dit by My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het die outoriteit om dit af te lê en Ek het die outoriteit om dit weer op te neem. Hierdie opdrag het Ek van My Vader ontvang.”

Josef se bereidwilligheid om te vergewe word gesien deur sy emosie wat hom telkens oorweldig het toe sy broers voor hom in Egipte verskyn het. Met die eerste twee ontmoetings (Gen. 42:24 en Gen. 43:30-31) het hy nie in hulle teenwoordigheid gehuil nie, maar met die derde ontmoeting het hy openlik sy emosies getoon.

Hy het hardop gehuil en die Egiptenare, asook die huis van Farao het dit gehoor. Gen. 45:2.

Josef se lewe kan opgesom word as hartstog (vurigheid) vir יהוה en erbarming (deernis, hartseer) vir sy broers. Hierdie is 'n heenwysing na die hoedanighede van Yeshua soos ondermeer deur die volgende teksvers toegelig word:

Toe Hy die groot groep mense sien, het Hy liefdevol vir hulle omgee, omdat hulle uitgeput was en rondgedwaal het, soos skape wat geen herder het nie. Matt. 9:36.

Yeshua het telkens innig jammer gevoel vir die blindes, siekes en die behoeftiges (Matt. 20:34; Mark. 1:41; Mark. 8:2). Hy het medelye getoon met die wat hartseer was (Luk. 7:13 tot 15 ; Joh. 11:35). Yeshua is ons Ewige Hoofpriester wat in alle opsigte medelye met ons het:

14 want daar is daarom vir ons 'n Groot nie-Levitiese Hoofpriester wat opgegaan het na die hemel: Yeshua, Die Gesalfde Een, die Seun van God; laat ons vashou aan Sy belydenis,

15 want ons het nie 'n hoofpriester, wat nie in staat is om te vereenselwig met ons swakhede nie, maar Een wat in alle opsigte getoets is net soos ons, maar sonder dat Hy sonde het.

16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van Sy onverdiende guns gaan sodat ons liefdevolle omgee kan ontvang en ons sal onverdiende guns vind om ons te help in 'n tyd van lyding. Heb. 4:14-16.

Versoening

Die versoening tussen Josef en sy broers is 'n lewensles in versoening en eensgesindheid in familie verband, maar ook in geestelike familie verband! Josef was bereid om verskille en geskille te vergewe en te vergeet sodat daar liefdevolle eenheid in die familie kan wees. Waar daar liefde en eenheid is, daar is יהוה se seën (Ps. 133:1-3)!

Dit herinner ons daaraan dat die broederliefde blywend moet wees (Heb. 13:1), want dit is die behoud van 'n familie en die behoud van die gemeente (volk) van יהוה.

Daarom is Yeshua se gebed vir sy studentevolgelinge dat hulle in Hom in liefde en eensgesindheid sal funksioneer.

20 Ek bid egter nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle boodskap in My sal vertrou

21 sodat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U is en dat hulle ook in Ons een mag wees.

22 Ek het aan hulle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee wat U My gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons Een is sodat die wêreld kan vertrou dat U My gestuur het;

23 Ek in hulle en U in My sodat hulle volledig een kan wees en sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het. Joh. 17:20 tot 23.

Die versoening tussen Josef en sy broers is veel meer as net 'n liefdevolle omgee vir die mensdom (medemens). Dit is ook 'n lewensles in versoening en eensgesindheid binne familie verband! Josef was bereid om verskille en geskille te vergewe en te vergeet sodat daar liefdevolle eenheid in die familie kan wees. Waar daar liefde en eenheid is, daar is יהוה se seën!

Ek is Josef

Dit is Josef wat sy ware identiteit aan sy broers bekend gemaak het:

3 Yosef sê vir sy broers: “Ek is Yosef! Leef my vader nog?” Maar sy broers was nie in staat om hom te antwoord nie, want hulle het van binne gebewe oor sy teenwoordigheid.

4 Yosef sê vir sy broers: “Kom nader na my toe.” Hulle het nader gekom. Hy sê: “Ek is julle broer Yosef vir wie julle na Mitzrayim toe verkoop het. Gen. 45:3-4.

Eers toe het Josef se broers se oë oopgegaan. Hierdie is profeties van die dag soos wat deur יהוה bepaal sal word wanneer die huis van Juda se oë sal oopgaan by die openbaring van Yeshua as Die Gesalfde Een van God. Dit sal wees soos ons in Open. 1:7 lees:

Let op, Hy kom met die wolke en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het en al die families van die aarde sal oor Hom rou. Ja, dit is waar!

Ja, waarlik! Yeshua is die Alef en ook die Tav! Hy wat is en wat was en wat kom; Hy wat alles vashou (Open. 1:8).

In en deur Yeshua sal יהוה-God se Meesterplan van herstel voltooi word!

Bepeins of Bespreek

1. Elke gelowige in Yeshua is die nageslag van Abraham. Ons is dus deel van die familie (volk, kinders) van יהוה en daarom moet daar versoening en eenheid wees! Die vraag is egter:
 - Wie is my familie (medegelowiges)? Is die persoon wat glo in Yeshua ('Jesus') as Messias, maar Torah verwerp my moeder, broer en suster? Kan ek met so 'n persoon een van gees in Yeshua wees? Kan ek met my broer Juda wat Yeshua as Die Gesalfde van God verwerp, versoen wees? Is die antwoord te vinde in Matt. 12:46 tot 50, veral vers 50? Onthou ook in dié verband die woorde van Yeshua in Matt. 10:34 tot 37!
 - Ons moet waak teen die eenwording van alle godsdienste soos wat ons vandag op alle fronte sien gebeur! Die vraag is wel of ons daarna moet strewe om in vrede met ander godsdiensgroepe te lewe? Wat is die wil van die Vader in die verband? Is die antwoord te vinde in Matt. 12:30? En wat van Rom. 12:18?

Haftorah Bespreking

Eseg. 37:15 tot 28 – En Laat Hulle een Word In Jou Hand!

Soos ons weet vind die weeklikse Haftorahskriflesing altyd aansluiting by die week se Torahskriflesing. Hierdie week is versoening die kerngedagte van beide. Die Torah Skriflesing van die versoening tussen Josef en sy broers is 'n sinnebeeld van die profesie van die Haftorah in Eseg. 37:15 tot 28, naamlik die "versoening" van die twee huise van Yisra'el. Daarom is die openingswoorde van die Haftorah die volgende:

15 Die woord van יהוה het weer tot my gekom en gesê:

16 "Jy, seun van 'n mens, vat vir jouself een stok en skryf daarop: 'Vir Y'hudah en vir die seuns van Yisra'el, sy bondgenote;' vat dan 'n ander stok en skryf daarop: 'Vir Yosef, die stok van Efrayim en die hele huis van Yisra'el, sy bondgenote.'

17 Sit hulle vir jouself bymekaar, die een by die ander, in een stok sodat hulle een kan word in jou hand. Eseg. 37:15 tot 17.

Hierdie is die profesie oor die toekomstige versoening en eenwording van die twee huise van Yisra'el, naamlik die huis van Juda, bekend as die Suidelike Koninkryk en die huis van Efraim, bekend as die Noordelike Koninkryk, maar wat ook die huis van Josef of Yisra'el genoem word.

Volgens die geskiedenis het יהוה aan koning Dawid belowe dat hy en sy nageslag vir ewig oor Yisra'el sal regeer, maar dit het nie die 'tydelike' verdeling van die twaalf stamme van Yisra'el uitgesluit nie. Die geskiedenis leer ons dan ook dat kort na die dood van Salomo het Yisra'el in twee koninkryke verdeel. Jerobeam, die seun van Nebat, 'n Efraimiet, het die koning van die Noordelike Koninkryk, bestaande uit tien stamme, geword (1 Kon. 11:26-39).

Die seun van Salomo, Rehabeam, het koning van die Suidelike Koninkryk geword (1 Kon. 11:43). Die stam van Benjamin was deel van die Suidelike Koninkryk. Die huis van Juda (Yehudah) het later bekend geword as die Jode (Jodäiete). Streng volgens definisie is 'n Jood dus deel van die huis van Juda, maar dié term is later gebruik as verwysend na al die afstammelingen van Abraham, Isak en Jakob.

Esegiël het geprofeteer dat hierdie twee huise egter weer een sal word soos twee stukke hout wat sodanig een word dat geen teken van skeuring of tweedrag sigbaar sal wees nie. Die profeet gaan verder en sê in die Naam van יהוה:

23 Hulle sal hulself nie meer onrein maak met hulle afgode of met hulle verwerplike dinge of met enige van hulle oortredinge nie, maar Ek sal hulle bevry uit al hulle blyplekke waarin hulle gesondig het en sal hulle reinig. Hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees.

24 My Dienskneg Dawid sal Koning oor hulle wees, hulle sal almal een Herder hê en hulle sal in My wette loop en My instellings onderhou en hulle gehoorsaam.

25 Hulle sal woon in die land wat Ek vir Ya'akov, My dienskneg, gegee het, waar julle vaders gewoon het en hulle sal daarin woon, hulle en hulle kinders en hulle kindskinders vir ewig en Dawid, My Dienskneg sal hulle Prins wees vir ewig.

26 Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit; dit sal 'n ewige verbond met hulle wees en Ek sal hulle vermenigvuldig en Ek sal My Afgesonderde Plek in hulle midde opstel vir ewig.

27 My blyplek sal ook by hulle wees en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees

28 en die nasies sal weet dat Ek יהוה is wat Yisra'el afsonder, wanneer My Afgesonderde Plek vir ewig in hulle midde sal wees. Eseg. 37:23-28.

Die eenwording tussen die twee huise van Yisra'el het reeds met die folterdood en opstanding van Yeshua plaasgevind. Yeshua is ons Vrede en Versoening wat albei huise, asook nie-Jode wat Yeshua as Die Gesalfde Een bely, deur Sy liggaam tot een nuwe mens geskep het! Bevestiging hiervan vind ons ondermeer in die woorde van Paulus in Gal. 3:24-29, veral verse 28 en 29:

24 Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertrouwe,

25 maar sedert die vertrouwe gekom het, is ons nie onder 'n gids nie,

26 want julle is almal kinders van God deur die vertrouwe in Yeshua, Die Gesalfde Een,

27 want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek.

28 Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua.

29 As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename.

Elkeen wat aan Die Gesalfde Een deur wedergeboorte behoort, is die saad van Abraham en is dus Yisra'el, יהוה se uitverkore volk. Skriftuurlike Yisra'el bestaan dus uit Jode en nie-Jode soos Paulus dit in Efes. 2:11-22 verduidelik:

11 As gevolg hiervan, onthou dat julle vroeër nie-Jode in die vlees was en 'onbesnedenis' genoem is, anders as hulle wat 'die besnedenis' genoem word en 'n werk is wat aan die vlees met hande gedoen word

12 en dat julle in daardie tyd sonder Die Gesalfde Een was, vreemdelinge aan die nasionale lewe van Yisra'el en vreemdelinge aan die verbond van die belofte, sonder aktiewe verwagting en sonder God in die wêreld.

13 Nou, in Die Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op 'n afstand was, naby gekom deur die bloed van Die Gesalfde Een,

14 want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding vernietig het.

15 In Sy fisiese liggaam het Hy die haat waardeloos gemaak, wat deur die opinie van mense aangaande opdragte van die wet veroorsaak is sodat deur Sy liggaam, die twee tot een nuwe mens geskep kon word.

16 Hy het die twee se verhouding met God herstel in Een liggaam en deur Sy kruisiging die haat doodgemaak.

17 Hy het gekom en die goeie boodskap van vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed aan julle wat ver was en aan die wat naby was verkondig,

18 want in Hom is daar vir ons albei toegang deur een Gees tot die Vader.

19 Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.

20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.

21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees.

Ons wat vreemdelinge (nie-Jode en onbesnedenis) genoem was, het deur vertroue in Yeshua as Die Gesalfde Een, deel van God se familie geword. Ons word saam met die Jode wat ook bely dat Yeshua Die Gesalfde Een is opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua self as die Hoeksteen van die gebou – 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה en 'n blyplek van God in die Gees.

En volgens Paulus se verduideliking in sy brief aan die Romeine (hoofstuk 11) is ons as vreemdelinge (nie-Jode en onbesnedenis) die wilde olyftakke wat ingeënt is op die mak (natuurlike) olyfboom wat 'n sinnebeeld van Yisra'el is. Sommige van die olyftakke van die mak olyfboom is egter afgebreek, naamlik die takke wat die Jode verteenwoordig, vandag bekend as Rabbynse Judaïsme, wat Yeshua as Die Gesalfde van God verwerp het. Paulus verduidelik dit soos volg in Rom. 11:19-24:

19 Sonder twyfel sal jy sê: “Die takke is afgesny sodat ek in hulle plek ingeënt kon word.”

20 Goed, hulle is afgesny omdat hulle nie vertrou het nie, maar jy staan deur vertroue. Moenie arrogant wees in jou gedagtes nie, maar vrees,

21 want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy jou ook sekerlik nie spaar nie.

22 Kyk hierdeur na die goeddoen met sagtheid en die strengheid van God: strengheid oor die wat geval het, maar goeddoen met sagtheid oor jou as jy in Sy goedheid bly, anders sal jy ook afgesny word.

23 Ook hulle sal egter, as hulle nie in hulle tekort aan vertroue bly nie, ingeënt word, want God is magtig om hulle weer in te ent,

24 want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild is en teen die natuur in op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul natuurlike olyfboom ingeënt word?

Paulus sê baie duidelik dat die takke wat afgesny was, weer deur vertroue in Yeshua op die natuurlike olyfboom ingeënt sal word. Dit is wat in die einde van dae sal gebeur, wanneer elke knie sal buig en elke tong sal erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, Die Meester is!!

9 God het Hom daarom ook tot die hoogste plek opgelig en aan Hom die Karakter en Outoriteit (Naam) gegee wat bo elke karakter en outoriteit (naam) is

10 sodat elke knie sal buig tot eer van die Karakter en Outoriteit (Naam) wat aan Yeshua gegee is, dié wat in die hemel en dié wat op die aarde en dié wat onder die aarde is

11 en elke tong sal erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, Die Meester is, tot eer, lof en aanbidding van God-die-Vader. Fil. 2:9-11.

‘n Baie goeie lering oor wie Yisra’el is, is dié van Tom Stapleton van His Truth Seekers Ministry (<https://www.endtimesprophecy.com>). Hierdie lering is by die volgende skakel beskikbaar: <https://www.youtube.com/watch?v=-ltDjNXUOCs>

Esegiël se profesie dat die twee huise van Yisra’el weer een sal word, het dus begin met die folterdood en opstanding van Yeshua en sal in die einde van dae voltooi word. Hierdie eenwording moet ook gesien word in die eenwording van die liggaam van Yeshua, naamlik van die gemeente (die *ekklesia*; die vergadering). In die Millennium sal alle aspekte van eenwording volledig deur die hand van יהוה bewerkstellig word. In die hand van Yeshua sal die eenwording van die twee huise van Yisra’el en van die gemeente voltooi word.

Die wyse wat ons ‘n bydrae kan lewer tot die vervulling van hierdie profesie is deur die gesindheid van Josef en Juda teenoor ons medegelowiges en teenoor die huis van Juda te openbaar. Ons moet die onverdiende guns van Josef openbaar en die bereidwilligheid van Juda om selfisme prys te gee en mekaar se belange bo ons eie te stel – ‘n bereidwilligheid om te dien en nie gedien te wil word nie! Ons moet vergewe sodat ons vergewe kan word (Matt. 6:14 en 15). Ons moet onself verneder sodat יהוה ons kan verhoog (Jak. 4:10; 1 Pet. 5:6)!

En baie belangrik! Ons moet onthou dat ons nie net in ‘n verbondsverhouding met יהוה-God staan nie, maar ook in ‘n verbondsverhouding met medegelowiges. Dit beteken dat die belange van die verbondsvennoot altyd voorkeur bo eie belange kry!!

יהוה het nie Yisra’el verstoot nie!

Dit is belangrik om te verstaan dat יהוה nie Sy volk verstoot het nie (Rom. 11:1) en hulle dus nie vervang het met ‘n ander volk of ‘n ander groep nie! Daar was in die tyd van Yeshua en daarna ‘n oorblyfsel van die takke wat deel gebly het van die natuurlike olyfboom, naamlik deel van Yisra’el! (Rom. 11:5 en 6). Dit is die takke van die wilde olyfboom wat op hierdie natuurlike olyfboom ingeënt word.

Volgens die gelykenis van die landbouers (Matt. 21:33-46; Mark. 12:1-12; Luk. 20:9-18) leer ons dat die gesag van die Fariseërs af weggeëm was (Matt. 21:43). En volgens Yeshua se opdrag in Matt. 28:18-20 is hierdie gesag aan die studentevolgelinge van Yeshua gegee. Die studentevolgelinge aan wie Yeshua alle gesag gegee het, was aanvanklik ook Jode, net soos die Fariseërs. Die gesag van יהוה se Koninkryk is dus steeds in die hande van Yisra’el!

Hiermee saam moet ons onthou dat die fisiese land Yisra’el ook יהוה se land is en dat Jerusalem die stad is waaroor Sy Naam uitgeroep is (Jer. 25:29) en vanwaar Yeshua as Ewige Koning sal regeer!

Daarom leer ons dat die nuwe Jerusalem se 12 poorte vernoem sal wees na die twaalf stamme en dat die muur van die stad twaalf fundamente het waarop die name van die twaalf apostels geskryf sal wees soos Open. 21:10-14 ons leer!

10 Hy het my in die gees gedra na ‘n groot, hoë berg en vir my die stad gewys, die afgesonderde Yerushalayim, wat uit die hemel vanaf die Teenwoordigheid van God afkom.

11 Dit het die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God gehad en sy lig was soos edelstene, rooi-kwarts-jaspis, wat lyk soos 'n kristal.

12 Dit het ook 'n groot, hoë muur met twaalf poorte gehad en by die poorte twaalf boodskappers en hulle name is geskryf, die name van die twaalf stamme van Yisra'el.

13 Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte en aan die westekant drie poorte

14 en die muur van die stad het twaalf fundamente gehad en daarop was die name van die twaalf afgevaardigdes van die Seun.

Die land Yisra'el en die stad Jerusalem is waar יהוה Sy troon sal vestig en waar daar geen tempel sal wees nie, “want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel” (Open. 21:22)!! Dit is waarom Yisra'el en Jerusalem 'n wêreldbrandpunt van 'n politieke en militêre magstryd is, want Satan wil sy troon daar vestig en hy sal dit ook tydelik regkry. Maar hy, die valse aanklaer en die misleier, sal uiteindelik in die meer van vuur en swael gegooi word, waarin die dier en die vals profeet ook sal wees, en hulle sal dag en nag gepynig word, vir tydlose ewigheid (Open. 20:10).

In die Millennium sal alle aspekte van eenwording van die hele huis van Yisra'el volledig deur die hand van יהוה-God bewerkstellig word. Dan sal יהוה deur Yeshua weer oor die hele en verenigde Yisra'el heers en oor elke nie-Jood wat deel van Yisra'el geword het! Dit is wanneer die profesie van Esegïel volledig vervul sal wees!

27 My blyplek sal ook by hulle wees en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees

28 en die nasies sal weet dat Ek יהוה is wat Yisra'el afsonder, wanneer My Afgesonderde Plek vir ewig in hulle midde sal wees. Eseg. 37:27-28.

Dit is in die lig hiervan wat ons ook Paulus se woorde in 2 Kor. 5:17-19 kan verstaan:

17 Alles wat daarom in eenheid met Die Gesalfde Een is, is 'n nuwe skepping, die ou orde het daarmee verbygegaan

18 en alles het nuut geword vanaf God; Hy wat ons verhouding met Homself herstel het deur Yeshua, Die Gesalfde Een en vir ons die bediening gegee het om dié verhouding te herstel,

19 want God, in eenheid met Die Gesalfde Een, het die verhouding van die wêreld met Sy majesteit herstel en nie hulle sondes vir hulle bereken nie en ons eie boodskap van die herstel van die verhouding in ons gesit.

Met die wederkoms van Yeshua sal die Hemelse Koninkryk weer fisies hier op aarde gevestig word.

Die sewende engel het geblaas en daar was harde stemme in die hemel wat sê: “Die koninkryk van die wêreld het die Koninkryk van ons God en van Sy Gesalfde Een geword en Hy sal heers vir tydlose ewigheid.” Open. 11:15

Dan sal Eseg. 37:21 en 22 'n fisiese werklikheid word: *Ek sal hulle een volk maak in die land,en een Koning (Yeshua) sal vir hulle almal Koning wees en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en nie verder in twee koninkryke verdeeld wees nie.*

Totdat die fisiese herstel van die Koninkryk van יהוה sal plaasvind, is Sy Koninkryk in ons – in ons midde daar waar ons is.

20 Toe sommige Fariseërs hom vra wanneer die Koninkryk van God kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: “Die Koninkryk van God kom nie sigbaar nie

21 en hulle sal ook nie sê: ‘Let op, dit is hier!’ of: ‘Let op, dit is daar!’ nie, want let op, die Koninkryk van God is in sommige van julle.” Luk. 17:21.

Bepeins of Bespreek

1. Reeds in Jer. 11:16 word Yisra’el vergelyk met ‘n olyfboom waarvan sommige takke afgebreek is, want beide huise van Yisra’el het יהוה se verbond verbreek (Jer. 11:10) en moet daarom weer terug ingeënt word op die olyfboom deur die vertrouwe in Yeshua as Die Gesalfde Een van God (Rom. 11:23). Is dit ons taak om vir die huis van Juda die getuïenis te wees van Yeshua as Die Gesalfde Een wat in Torah-gehoorsaamheid volgens die nuwe verbond lewe en om sodoende die afgebreekte takke van die olyfboom jaloers te maak sodat hulle terug ingeënt wil word?
2. Sommige groepe in die Messiaanse Beweging, wat hulself as deel van die “tien verlore stamme” van Efraim beskou, probeer eenwording met die huis van Juda bewerkstellig. Ja, selfs tot die mate dat Yeshua eers tydelik “opsy gesit” word terwille van eenheid. Word hierdie ywer tot eenwoording deur die Gees van God gedryf, of is dit die wil (werke) van mense? Is eenwording van die twee huise van Yisra’el sonder Yeshua moontlik en kan dit as ware eenheid beskou word?

-0-0-0-0-0-0-0-0-0-

Skriftestudie: Die Verbond en die Torah

Lering 6: Die Ewige Verbond.

Hersiening

Dit is aan te beveel om eers weer Lering 4 en Lering 5 (Deel 2) te lees, aagesien dit meer volledige agtergrond gee ten opsigte van wat in hierdie Lering bespreek word.

Soos in Lering 1 bespreek was, was יהוה-God se verhouding met die mens vanaf die begin van Sy skepping tot hede ‘n verbondsverhouding. En in Lering 2 het ons geleer dat יהוה twee tipe verbonde met die mens sluit.

Eerstens: Sommige verbonde wat יהוה met die mens sluit, is eensydig (‘n eensydige eedswering) en daarom is die mens nie direk betrokke by die sluit van die verbond nie. Die verbond met Noag dien as voorbeeld. Die mens was nie betrokke by die verbondsooreenkoms nie en daarom is geen voorwaarde aan die mens gestel nie. Hierdie verbond is steeds vandag geldig!

Tweedens is daar bloedverbonde waar יהוה die mens betrek. Hierdie is dus nie ‘n eensydige eedswering deur God nie, maar wel ‘n verbond waar יהוה sekere beloftes maak en die mens sekere voorwaardes moet aanvaar en moet nakom.

As die Ewige en Almagtige Verbondsgod sal יהוה Sy verbond en die seëninge van die verbond vir ewig eerbiedig, soos bevestig word deur Deut. 7:9.

Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot ‘n duisendste geslag met dié wat Hom lief het en Sy opdragte gehoorsaam.

Indien ‘n bloedverbond verbreek word, naamlik dat die voorwaardes van die verbond nie nagekom word nie, is die skuldige party strafbaar met die dood!

Die ou verbond

Dit was juis die probleem met die ou verbond gewees, want יהוה het van Yisra'el vereis om die Torah van Moses sorgvuldig te hou. Die voorwaardes van die ou verbond kan opgesom word in die woorde van יהוה soos deur Jeremia gespreek was:

maar dít is wat Ek hulle beveel en gesê het: ‘Gehoorzaam My stem en Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees en julle moet loop in al die lewenswyses wat Ek julle beveel sodat dit met julle goed kan gaan.’ Jer. 7:23.

Soos in Lering 5 bespreek was, is Yisra'el se geskiedenis egter bevestiging dat hierdie verbond telkens verbreek was met nadelige gevolge. Daarom het יהוה deur Jeremia aan Yisra'el gesê: “My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was” (Jer. 31:32). Dit ten spyte van die hulpmiddels van onverdiende guns van die tabernakel (en later die tempel), die priesterorde en die offerandes. Hierdie hulpmiddels was bedoel om die mens te help om aan יהוה gehoorsaam te wees.

Weens die mens se inherente sondige aard was Yisra'el egter nie in staat om die vereistes en voorwaardes van die verbond na te kom nie. Daarom moes daar onder die ou verbond daaglik, asook jaarlik met die Groot Versoendag (Yom Kippur), versoening met יהוה by wyse van die gepaste offerandes plaasgevind het. Hierdie offers was ‘n voortdurende herinnering aan Yisra'el se sondes en kon slegs die sondes bedek, maar kon dit nie wegneem nie (Heb. 10:3, 4, 11).

In Lering 5 (Deel 2) het ons geleer dat die tekortkoming van die ou verbond was dat die Torah van Moses nie gehoorsaamheid kon bewerkstellig nie! Daarom kan geen mens onskuldig verklaar word deur die Torah van Moses nie (Rom. 3:20), maar alleenlik deur vertrou in Yeshua (Rom. 3:22 en 28). Daarom skryf Paulus aan die gemeente in Galasië:

15 Ons wat van nature Jode en nie sondaars vanuit die ander nasies is nie,
16 weet dat die mens nie onskuldig verklaar word vanuit die doen van die geskrewe wet nie, maar deur vertrou in Yeshua, Die Gesalfde Een. Ons het ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, vertrou sodat ons onskuldig verklaar kon word vanuit vertrou in Die Gesalfde Een en nie vanuit die doen van die geskrewe wet nie omdat deur die doen van die geskrewe wet geen mens onskuldig verklaar sal word nie,” Gal. 2:15-16.

Onder die ou verbond het die Torah die mens dus voortdurend aangekla, skuldig bevind en gevonnissen. Die Torah het nou ‘n wet van sonde en dood geword (Rom. 8:2). Dit was die vloek van die wet, waarvan die mens bevry moes word (Gal. 3:13). Die Torah was nie die vloek nie, maar wel die skuldbrief teen die mens (Kol. 2:14).

Daarom was die wet nie die probleem nie, maar wel die mens se onvermoë om aan die wet gehoorsaam te wees. Dit was die tekortkoming van die ou verbond, naamlik dat die Torah nie gehoorsaamheid kon bewerkstellig nie, want dit was kragteloos weens die vleeslike (sondige) aard van die mens (Rom. 8:3). Die tekortkoming van die ou verbond was dus die mens se onvermoë om die Torah van Moses in alles gehoorsaam te wees.

Vir die nuwe verbond om ‘n beter verbond as die oue te wees, moet hierdie probleem dus aangespreek word! Indien die nuwe verbond ‘n ewige verbond is wat nooit gebreek sal word nie, moet dit die gehoorsaamheid van die mens kan waarborg!

Die nuwe verbond

Beide Jeremia en Esegïel profeteer aangaande die nuwe verbond:

38 Hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees

39 en Ek sal vir hulle een verstand, wil en emosie en een lewenswyse gee sodat hulle My altyd respekvol mag vrees, vir hulle ten goede en hulle kinders ná hulle.

40 Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit: dat Ek nie van hulle af sal wegdraai om aan hulle goed te doen nie en Ek sal My respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie. Jer. 32:39-40.

יהוה belowe deur die lippe van Jeremia om 'n nuwe en ewige (altyddurende) verbond² met Yisra'el te sluit en bevestig weereens dat Hy die getroue Verbondsgod is wat nie sal ophou om aan hulle goed te doen nie. Dit beteken dat יהוה hulle sal agtervolg om aan hulle goed te doen! Tweedens onderneem יהוה om Sy respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie te gee sodat hulle nie van Hom af sal wegdraai nie!

Die belofte van die nuwe verbond is dus dat Yisra'el, net soos יהוה, getrou aan die verbond sal bly!! En die wyse wat יהוה dit sal doen is deur Sy respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie te gee.

In aansluiting hierby profeteer Esegïel soos volg aangaande die nuwe verbond:

25 Dan sal Ek skoon water op julle sprinkel en julle sal skoon wees; Ek sal julle van al jul vuilheid en van al jul afgode reinig.

26 Verder sal Ek vir julle 'n nuwe verstand, wil en emosie gee en 'n nuwe gees in jul binneste en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit julle vlees wegvat en vir julle 'n verstand, wil en emosie van vlees gee.

27 Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My wette na te kom. Eseg. 36:25-27.

Eerstens onderneem יהוה om al ons sondes te vergewe (vers 25). Tweedens onderneem יהוה om 'n innerlike verandering in ons te bewerkstellig deur ons verstand, wil en emosie van klip uit ons vlees te verwyder en vir ons 'n nuwe verstand, wil en emosie, asook 'n nuwe gees te gee (vers 26). Laastens (vers 27) onderneem יהוה om ons met Sy Afgesonderde Gees te vul wat sal maak (*sh'mar*) dat ons volgens Vader-God se instellings sal wandel en Sy wette sal nakom (doen; *asah*).

Eseg. 36:25 tot 27 is dus die profesie oor wedergeboorte en vulling (doping) met die Afgesonderde Gees wat na Yeshua se folterdood en opstanding deel geword het van יהוה se onverdiende guns van die nuwe verbond. Dit behels 'n innerlike en bonatuurlike verandering van vernuwing van denke wat uiterlik deur woorde en dade sigbaar gaan word in die lewe van elkeen wat vertrou in Yeshua as die Lam van God tot vergifnis van sonde en versoening met יהוה-God! 'n Innerlike verandering wat uiterlik sal manifesteer deur gehoorsaamheid aan יהוה se Torah van die nuwe verbond. Dit is die heerlijkheid en die seën van die nuwe verbond!!

Maar aansluitend by bogenoemde het ons in Lering 4 ook geleer dat Yeshua die Middelaar (Verbondshoof) van die nuwe verbond is. Daarom was die bloed van Yeshua die bloed van vergifnis van ons sonde, asook die bloed waarmee die nuwe verbond gesny en verseël is! Toe die bloed van Yeshua aan die kruishout gevloei het, het die bloed van יהוה-God as die Seun

² Verwys Lering 5 (Deel 1): Hoewel daar in die Skrifte na verskillende verbonde verwys word, is daar in werklikheid net een verbond tussen יהוה en die mens – 'n ewige verbond wat sedert die Skepping volmaak is, maar waarvan dele op יהוה se bepaalde tye, en volgens Sy Raadsplan, in meer detail aan die mens openbaar word. Die feit dat daar in die Skrifte wel die onderskeid gemaak word tussen die ou- en die nuwe verbond, is omrede daar met die folterdood en opstanding van Yeshua so 'n ingrypende verandering in יהוה se verbond met die mens plaasgevind het – 'n verandering wat die verhouding tussen God en die mens vir ewig verander het!

van God en die bloed van Yeshua as die verteenwoordiger van die mensdom, gemeng en is die ewige verbond verseël!

Met Yeshua se folterdood en opstanding uit die dood kon יהוה-God 'n nuwe bloedverbond met die mens sluit waar Yeshua die Verbondshoof van beide God en die mens was en steeds is. Elkeen wat deur vertrouwe in Yeshua 'n "nuwe" mens word, se sondeskuld word uitgewis by wedergeboorte om deel te word van hierdie nuwe verbond.

Die heerlikheid en seën van die nuwe verbond is dus tweeledig!

Eerstens: Deur wedergeboorte en vulling met die Afgesonderde Gees vind 'n innerlike en bonatuurlike verandering plaas wat sal maak (*sh'mar*) dat ons volgens Vader-God se instellings sal wandel en Sy wette sal nakom (doen; *asah*).

Tweedens: Met Yeshua se folterdood en opstanding uit die dood kon יהוה-God 'n nuwe bloedverbond met die mens sluit waar Yeshua die Verbondshoof van beide God en die mens was en steeds is.

Die resultaat van hierdie dubbele seën en waarborg is dat solank as wat die mens in Yeshua is, en Yeshua in die mens is – 'n eenheid soos יהוה en Yeshua is (Joh. 14:10-11) – kan die nuwe verbond nie verbreek word nie. Daarom is die nuwe verbond 'n beter verbond as die ou verbond, want dit is op beter beloftes gegrond (Heb. 8:6).

Die nuwe verbond is dus nie net 'n waarborg van יהוה se getrouheid nie, maar ook 'n waarborg van die gelowige in Yeshua se getrouheid om volgens Vader-God se instellings te wandel en Sy wette na te kom (te doen). Dit is alles moontlik deur die Afgesonderde Gees wat in ons woon en werk om יהוה se wil in alles te doen. Maar dit vereis absolute vertrouwe in hierdie bonatuurlike onverdiende guns van יהוה en om Hom lief te hê met ons hele wese!

Andrew Murray (The Believers Covenant) beskryf dit soos volg:

Here is the inmost secret of the New Covenant. It deals with heart of man in a way of divine power. It not only appeals to the heart by every motive of fear or love, of duty or gratitude. That the law also did. But it reveals God himself, cleansing our heart and making it new, changing it entirely from a stony heart into a heart of flesh, a tender, living, lovingheart, putting His Spirit within it, and so, by His almighty power and love breathing and working in it, making the promise true, "I will cause you to walk in my statutes, and ye shall keep my judgments." A heart in perfect harmony with God, a life and walk in His way – God has engaged in Covenant to work this in us. He undertakes for our part in the Covenant as much as for His own.

Die nuwe verbond is dus die herstel van die oorspronklike verhouding tussen יהוה as Skepper-God en die mens wat Hy na Sy beeld en gelykenis geskape het sodat die mens die glansryke heerlikheid van God op aarde kan wees! Dit is die bonatuurlike onverdiende guns van die nuwe verbond waar die Afgesonderde Gees weereens in die mens kan woon en deur hom kan werk om in die instellings van יהוה te loop en יהוה se Torah van die nuwe verbond te kan gehoorsaam.

Met יהוה se alomteenwoordigheid in die mens, en met Vader-God se waarborg dat Hy nie van die mens af sal wegdraai nie, sal die mens met respekvolle vrees en 'n nuwe verstand, wil en emosie nie van God af wegdraai en nie Sy Torah oortree nie.

MAAR wat vereis dit van ons om hierdie bonatuurlike seën van onverdiende guns van die nuwe verbond deelagtig te wees?

Eerstens moet ons die volle openbaring van die seën van die nuwe verbond, en van die vulling met die Afgesonderde Gees, ontvang.

Tweedens vereis dit om soos die vrou wat vir 12 jaar aan bloedvloeiing gely het met absolute vertrouwe en vasberadenheid die soom van die kled van Yeshua aan te raak (Luk. 8:43-44). Dit is om met vertrouwe, liefde, verlange en dankbaarheid alles te ontvang wat יהוה deur Sy liefdevolle omgee vir ons voorberei het! Dit behels 'n sterwe van die eie-ek en vereis dit wat Paulus in Rom. 12:1-2 vir ons sê om te doen.

1 My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

2 en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Ons geloofswandel met יהוה is nie een van hoe hard ons probeer om in alles gehoorsaam te wees nie, want ons verhouding met Vader-God is nie prestasie gedrewe nie! Nee!! Dit is 'n geval van absolute vertrouwe dat Vader deur Sy Gees, en deur die onverdiende guns in Yeshua, dit in ons sal doen wat deur die vlees onmoontlik is. En dit vereis om יהוה, jou God, lief te hê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip en om jou naaste lief te hê net soos jouself. (Matt. 22:37 en 39).

Andrew Murray (The Believers Covenant) som dit soos volg op:

The new covenant is meant to meet the need for a power of not sinning, which the Old could not give. Come with that need – it will prepare and open the heart for all the everlasting Covenant secures you. It will bring you to that humble and entire dependence on God in His omnipotence and His faithfulness in which He can and will work all He has promised!

יהוה se vereiste van die ou verbond, naamlik “julle moet loop in al die lewenswyses wat Ek julle beveel”, het onder die nuwe verbond verander na “Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My wette na te kom.”

Mag ons elkeen die volle openbaring van die seën van die nuwe verbond ontvang en uitleef!!

Onthou: Genade kan nie verdien word nie; genade kan net ontvang word! Daarom word genade onverdiende guns genoem!!

Die nuwe verbond is יהוה se bonatuurlike onverdiende guns wat ons met dankbaarheid en in nederigheid ontvang sodat ons weer in dieselfde verhouding met ons Skepper-God kan leef as Adam voor die sondeval! Geskape na die beeld en gelykenis van יהוה om hier op aarde 'n manifestasie van Sy glansryke heerlijkheid te wees!! 'n Werktuig in Sy hande tot uitbreiding van die Hemelse Koninkryk met Yeshua as ons Ewige Koning en Hoofpriester. Dit is alles die werk van die Afgesonderde Gees in elkeen wat bereid is om Vader-God te vertrou dat Hy dit sal doen wat vir die vlees onmoontlik was!

HalleluYah!!

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.